APRIL 2025

# LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

## UIT DIE KANTOOR

When you're surrounded by people who share a passionate commitment around a common purpose, anything is possible. Howard Schultz

Na ons onlangse Beheerliggaamvergadering en die positiwiteit wat daar geheers het oor ons as skool en als wat in en om dit gebeur, het ek net weer besef hoe ongelooflike span mense ons hier bymekaar is en wat alles saam bereik kan word.

Dié skool is ons almal s'n. Almal van ons wie hier werk, kinders in die skool het of gehad het, almal wat hier op skool was en sommer almal wat besighede in die Koue Bokkeveld het. Dit is deel van ons menswees en trots. Dit is 'n groot saam bindende faktor in ons gemeenskap en daarom definitief iets om te beskerm en koester vir ons kinders wat nog kom en ons gemeenskap in die breë.

Vanjaar is ons skool 'n jong en energieke 60 jaar oud en dit maak my opgewonde om te dink aan hoeveel lewens dit in die 60 jaar al positief aangeraak het.

Baie dankie aan almal wat bydra om die skool op so hoë vlak te hou. Die mense wat hulle tyd gee om in 'n snoepie te werk, reël van 'n geleentheid, goedhartige bydraes, ens. Dit is wonderlik van julle.

Ek is baie trots om die skool met almal te deel. Kom ons maak seker dat die juweel van 'n skool vir ons kinders se kinders nog sterk sal wees.

*Pieter de Bruyn*



## WAARDES

### UITNEMENDHEID

Ons is baie trots op ons bokkies wat hierdie kwartaal hul ekstra beste gegee het en beloon was met 'n "NET DIE BESTE" plakker!
'n Plakker wat wys jy was raak-gesien vir jou BESTE wat jy gegee het!

Wees reg hierdie maand, want meneer gaan ons klasse besoek om te kyk hoe JY jou BESTE gee!

## KARAKTERKAMPIOENE

Hierdie leerders is aangewys as die eerste karakterkampioene van kwartaal twee. Julle maak ons trots!

Gr. 1: Dréton Maswana is pligsgetrou en gehoorsaam.
Gr 2: Emilee Engelbrecht is leergierig
Gr 3: Johnty Galant is 'n netjiese werker.
Gr 4: Marissa v d Merwe is baie hulpvaardig.
Gr 5: Sebastian van Zyl het deursettingsvermoë.
Gr 6: Jean Dreyer is hulpvaardig.
Gr 7: Rian Engelbrecht is hardwerkend.

# GRONDSLAGFASE ASSISSTENT

Ons het vir Juffrou Nella gegroet op Donderdag, 10 April. Baie, baie dankie aan elkeen wat 'n kontantbydrae gemaak het. Sy was werklik sò verras en dankbaar vir hierdie afskeidsgeskenk.

Ons sê baie Welkom aan Frieda Steenkamp, 'n oud leerder van ons skool, wat in Juffrou Nella se plek aangestel is. Ons is opgewonde om haar hier by ons te hê. Sy studeer tans onderwys deur Aros. Ons hoop jy geniet dit hier by ons en dat jy baie sal leer.

# ONS WORD 60

Ons word hierdie jaar 60 jaar oud! Nooi ou vriende van die skool en kom kuier lekker saam op die 1ste Oktober.




# FONDSINSAMELING

Baie dankie aan almal wat reeds fluks lootjies verkoop.

12 Junie: Laaste dag om boekies by die skool in te handig.
18 Junie: Gelukkige trekking vind plaas.

Daar wag 'n groot verrassing vir die klas wat die meeste lootjies verkoop!

73 PRYSE

# WÊRELDBOEKEDAG

Vir hierdie spesiale dag het Laerskool Koue Bokkeveld aanlyn ingeskakel via Zoom om na Jaco Jacobs te luister. Sy nuwe boeke is bekendgestel, hy het sy inspirasie vir sekere gedigte en stories gedeel en sommer net ons almal weer lus gemaak vir LEES! Die digitale platform was besonders lekker vir die leerders om te ervaar!



# STILBAAI TOER 8 - 9 Augustus

Met groot opgewondenheid kan ons bevestig dat die Stilbaai toer vanjaar weer gaan plaasvind.
Meer inligting sal later volg rakende verblyf ens.

# KAROOKOP TOERNOOI

Op 27 - 29 Maart 2025 het die o.13 Netbal- en Rugbyspelers aan die Karookop Toernooi in Clanwilliam gaan deelneem.
Vanjaar was skole nie in afdelings ingedeel nie.
Die netbaldogters se uitslae:

- Drakenstein verloor
- Hendrik Louw gewen
- Lutzville verloor
- Ashton gewen
- Piketberg verloor
- Kleinmond verloor

Die rugby is nie in 'n afdeling in gedeel nie.
Hier volg hul uitslae:

- Edgemead gewen
- Lutzville gewen
- Topolino gewen
- Kleinmond gewen

Welgedaan aan al die spelers, julle het jul harte uitgespeel deur die hitte. Dankie Juf. Lize en Mnr. Pieter!

# NETBAL



Baie geluk aan Junishia Muller en Anmari Steenkamp wat aan die Kaapse Wynland netbalproewe gaan deelneem 10 Mei in Wellington. Baie sterkte!

# HOKKIE

Graag wil ek van die geleentheid gebruik om leerders meer blootstelling aan HOKKIE te gee.
Ons het alreeds by Skurweberg toestemming gekry om hul Astrobaan te kan gebruik.
Lesse gaan Vrydae wees:

- o.9 - o.13 van 14:30 tot 15:30

Kostes beloop R100 per les.
Volhoubaarheid is onderworpe aan leerder se belangstelling.
Ons beoog om 9 Mei 2025 te begin. Leerders moet hul eie hokkie stok en bal bring. Leerders moet tekkies dra.
Vir enige navrae kan juf. Lize gekontak word.

INDIEN U BELANGSTEL, VOLTOOI ASB. DIE VORM →

# SNOEPIE

Baie dankie aan elke ouer wat bereid is om in ons snoepie te werk op sportdae! Ons waardeer julle baie.

# RUGBY




Stephan du Toit, Markus Tomlinson en Gys du Toit in die o.13-Witzenberg rugbyspan opgeneem. Ons weet hierdie span is beter met dié 3 ysters in die span.
Baie geluk, seuns!




# EISTEDDFOD

Ons neem hierdie jaar weer aan die Paarl Vallei Virtuele Eisteddfod deel. Bokkies neem aan die volgende afdelings deel:

- Afrikaans Voordrag
- Engels Voordrag
- Visuele Kuns
- Fotografie
- Onvoorbereide lees

Sterkte aan elke deelnemer! Ons is trots op elkeen wat ingeskryf het. Deelnemers wat graag by die skool wil oefen, kan op Dinsdae en Woensdae om 14:30 in juffrou Rolien se klas wees.

# GRAAD 7



Ons Graad 7's spog weer met pragtige tops! Baie dankie aan die Graad 7's van 2024 wat hierdie tops geborg het! Juf. Christi het vir die mooi ontwerp gesorg. Dis iets besonders. Ons is trots op julle!

# GRAAD R

Leerders het 'n week van pret gehad met al die eksperimente wat ons gedoen het. Hulle het geleer van oorsaak en gevolg, veranderinge en probleemoplossing. Baie dankie aan Kruger Goosen, 'n ouer van ons skool, wat ons meer kom vertel het van wetenskap en sy werk as biochemikus. Ons het sommer baie geleer!

The science of today is the technology of tomorrow - Edward Teller




# REDENAARS

Ons het vyf leerders wat hierdie jaar aan Oppie tong af kompetisie deelneem.

- 5 Mei om 14:00 - Aidan van Huffel
- 8 Mei om 17:10 - Cassie du Toit
- 9 Mei om 17:30 - Gys du Toit
- 9 Mei om 17:30 - Anmari Steenkamp
- 9 Mei om 14:00 - Zoey Carolus

Ons wens elkeen van hierdie deelnemers baie sterkte toe!

# FONDSINSAMELING

Baie dankie aan die borge wat ons skool ondersteun. Elke skenking dra by tot die sukses van ons fondsinsameling.
Lootjies kan @R20 elk by enige Bokkie gekoop word.

Dovetail Wooden Boxes & Gifts (Est. 2016)
Amazing Pies
Ultima
Ceres Zip Slide Tours
Iona Monopole
Nina & I
Mount Ceder Kalamata Olives
Salon Rietha
gaikou LODGE

Laerskool Koue Bokkeveld sê dankie.

Wimpy
Amanda's Photo Journeys
the Village restaurant & guesthouse
GC
an photography
Mabru Marais Photography
Loxtonia Cider
Baliesgat

Laerskool Koue Bokkeveld sê dankie.

belle âme bridal · hair · makeup
Donkerbos
Uit die Plaaskombuis
Slagtery Geldenhuys Butchery
Kransnes Suiwer Heuning
joy gasvrou
Basson Werksdrag / Workwear
belle skincare
Kotie se Olywe

Laerskool Koue Bokkeveld sê dankie.

Pêrel Sport
Escape health & beauty
Zooridge
Gut first Nails
Doornkraal Agri

| | |
|---|---|
| Sonja van Schalkwyk | Lizzina Swarts |
| Allison Hufke | Wolwerivier |
| Jonathan Wagener | Vinlic Afrikaner |
| Paul Moses | Vanessa Salmon |

Laerskool Koue Bokkeveld sê dankie.

Ceres Motolek
Harvest Table Winterberg B&B
Tittewyt
Ruach Photography
Kekkel en Kraai
Skatkis
SAlogistics
Koue Bokkeveld Opleiding Sentrum
realIPM biological crop protection

Laerskool Koue Bokkeveld sê dankie.

60 JAAR HERDENKING 1965 - 2025

LAERSKOOL KOUE BOKKEVELD

NET DIE BESTE

## *Baie dankie vir u ondersteuning!*

Die gelukkige trekking vind 18 Junie 2025 plaas.